

Terug na die Paradys

As jy YAHUSHA se Naam uitspreek en die mense leer dat in Sy Naam daar ewige lewe lê dan openbaar jy dié reddende Bloed van YAHUSHA. In Hand.4:18 staan : *En hulle het hul geroep en hulle bevel gegee om in die geheel nie in die Naam van YAHUSHA te spreek of te leer nie. 5:28 Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie? En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul; en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring. In 1 Joh. 3:22 en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons Sy geboorte bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.3:23 En dit is Sy gebod, dat ons in die Naam van SY Seun, YAHUSHA dié Gesalfde, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod gegee het. 1 Joh 3:14 Ons weet dat ons oorgegaan het uit die dood in die lewe, omdat ons die broeders liefhet.*

Nou kan ons sê soos in Open. 1:3 *Salig is hy wat die woorde van die profesie lees, en die wat dit hoor en bewaar wat daarin geskrywe is, want die tyd is naby. 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. 22:17 En die Gees (YAHUAH) en die bruid (uitverkore) sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet. 21:3 En ek het 'n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel (YAHUSHA) van VADER is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal Sy volk wees; en VADER self sal by hulle wees as hulle VADER.*

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê: YAH haat die werke van die Nikolaïete Open.2:6 (Nikolaïete is 'n Griekse woord wat twee woorde saambind nl: Nikos en laos; Nikos beteken oorwin of onderdruk en laos volk of mense. Nikolaas beteken "oorwinnaar van mense of volk" Die ontstaan van Nikolaïete is by Nimrod. Hy was die oorwinnaar en onderdrukker wat die eerste St Nikolaas (Kersvader) wat vir homself presente en lekkernye besorg het wat later van jare oorgegaan het dat die kinders ook presente kon kry na sy dood deur die slimheid van sy vrou (ma). Baie jare later het Bileam 'seun van Beor', Nimrod se gesegdes aangeneem en so deurgegee tot die rondom hom. Hy het gesê dat almal gelyk is en dat almal een god en een geloof moet nastreef. Sy eerste doelstelling is die vermenging of samesmelting van die geloof sisteem waar dit hulle heidense fees en afgode aanbidding insluit (*Jood/Boeddha/Hindoe/ Christen/ Mohammed/ godsdienstige "sinkretisme"*).

Tweedens is dit die vermenging en samesmelting van die vleeslike verbastering / bloedvermenging (*bloedbad aan bloedbad*). 'n Nikolaïete is 'n Dominee / Pastoor/ Priester/ wat homself voordoen as 'n volgeling van YAHUSHA, maar tog Nimrod (Bileam) aanbid en die mense so mislei 2 Pet. 2:1,2. M.a.w. die wat J*sus Christus verkondig in die plek van YAHUSHA dié Nasaréner' Hulle is die wat sê dat J*sus wel YAHUSHA is ("*Verbastering*").

Open 2:7 . Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van VADER is. Die boom is nie die LEWE nie, maar behoort aan die LEWE, m.a.w. die boom is ‘n wese {boodskapper} wat aan die LEWE behoort, Dus twee verskillende Wesens waarvan die “LEWE” die besitter is van die “boom”. Die boom van die lewe wat weereens misbruik was deur die teenparty het die boom ‘n vloekhout gemaak. Die boom van die lewe wat nie eens ‘n boom was nie het ‘n simboliese boom geword deur okkultisme. ‘n Dooie boom of paal is tog ‘n simbool van dood, weens geen takke of blare aan nie, daarom het hulle YAHUSHA daaraan gehang wat dié “Lewe” is. Hulle het Hom vasgemaak aan hulle aanbidding idool en gemartel.

(Vir inligting (1) Die sodanige kruishout stel die vier windrigtings (2) Dit is die Zodiac kruis wat in die astrologie gebruik (3) Dit is ‘n T vir die afgod Tammus wat die seun van Nimrod is (4) Die vertikale streep of hout stel die manlike voor en horisontale die vroulike voor, ens.).

Open 2:10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.:11 ...Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

(Vir inligting: Die getal “Tien” wat die Wet, volheid of volledig beteken, beteken ook dat ‘n siklus voltooi is soos by. die tien plae, YAH toets ook Sy kinders op die 10 de wat hulle moet gee; Dus is dit ook ‘n toets tydperk. Vers elf is ‘n belofte dat YAH nie Sy kinders sal skaad deur die ewige dood nie).

Open 2:16 Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle (jou) oorlog voer met die swaard van My mond. :17 ...Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die verborge manna, en Ek sal hom gee ‘n wit keursteen, en op dié steen ‘n nuwe naam geskrywe wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit ontvang (Die toegemaakte of weggesteekte woorde van YAH, wat binne in Sy uitverkore is kry nuwe lewe).

Open 2:25 Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom (Die verborge woorde van YAH). :26 En aan hom wat oorwin en My werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, :27 en hy sal hulle regeer met ‘n yster staf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van My VADER ontvang het. :28 En Ek sal hom die môrester gee.

Open 3:5 Wie oorwin, sal beklee word met wit klere, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die boek van die lewe nie, en Ek sal sy naam bely voor My VADER en voor SY ~~engels~~ boodskappers. Open 3:12 Wie oorwin, Ek sal hom ‘n pilaar in die tempel van My VADER maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van My VADER skrywe en die naam van die stad van My VADER, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van My VADER neerdaal, en My nuwe Naam.

Open 3:19 Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou. :20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My. :21 Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op My troon, soos Ek ook oorwin het en saam met My VADER op SY troon gaan sit het (Die oorwinnaar is die wat teen Ha satans mag is en sal saam met YAH heers vir 'n 1000 jaar lank).

Nou die terugreis na die Paradys.

Open.14:1 En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd vier en veertig duisend (manne) met Sy Naam en die Naam van Sy VADER op hulle voorhoofde geskrywe. :2 En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van sitiespelers wat speel op hulle sities. :3 En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd vier en veertig duisend wat van die aarde vrygekoop is. :4 Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit die mense as eerstelinge vir ~~God~~ VADER en die Lam (YAHUSHA). :5 En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van ~~God~~ VADER.

'n Paar vrae wat saak maak.

1) Wat beteken maagdelikheid ?

Maagdelikheid beteken: onbevelek en ongerep. Dit beteken ook onaangeraak, soos oorspronklik, onbesnede, suiwer en rein.

2) Kan die maagdom aan 'n man gevind word ?

Ja die maagdom kan aan 'n man gevind word daarom die 144 duisend.

3) Was Adam (Eva) maagdelik rein ?

Ja oorspronklik was Adam (Eva) Maagdelik rein, maar wat hulle uit die tuin van Eden verban het was 'seks met 'n ander wese'. Eva was verlei en gemolesteer deur Ha satan waarvan sy weer op haar beurt Adam verlei het om ook 'seks' te hê. Dus na die verleide dade was hulle nie meer rein nie.

4) Wat het Adam en Eva uit die tuin van Eden verban ?

Wat Adam en Eva uit die tuin van Eden gejaag het was 'seks met 'n ander wese.' Seks met 'n ander wese buite die biologiese bloedlyn was 'n daad wat onreinheid en onmaagdelikheid na vore bring.

5) Is dit moontlik om te transformeer na maagdelikheid ?

Ja en nee. Ja in die sin deur verkragting, en nee dat die vermeerdering nie bloed suiwer kan word nie, want die siel is reeds dood.

‘n Konklusie oor die vraag en antwoord van bo is soos volg:

Baie verwar hulleself dat maagdelikheid net aan ‘n vrou behoort. Ons weet sodra ‘n man by ‘n vrou ingegaan het, het sy haar maagdelikheid verloor en sal nooit weer maagdelik kan wees nie. Al sê baie dat dit wel kan toetree na 7 jaar het die mediese-geleerde manne dit bevestig dat dit nie kan gebeur nie. Daar kom wel tot ‘n mate van herstel, maar die vrou sal nooit weer soos oorspronklik wees nie.

Bo word uitgewys dat besnyding ook maagdelikheid wegneem. Vanaf Adam tot op Abram was daar net onbesnede mane. Ek glo ook die 430jaar in Egipte was die manne ook nie besny nie wat voordat hulle in die beloofde land ingegaan het was hulle eers besny. Die besnyde manne van daardie tyd moes 100% onder wet en orde staan om rein te kon wees. Ons in die moderne tyd staan onder YAHUSHA wat ons Heer en Beskermer is tot reinheid.

Nou die antwoord na die soektog terug na Eden.

Deur seks is Adam en Eva uit die tuin van Eden. Dus moet ons na daardie scenario kyk. Deur die vrou kom geboorte van ‘n nuwe lewe wat ly tot voortplanting en vermeerdering van die skepping van YAH. Sonder vrou kan voortplanting en vermeerdering nie voortspruit op aarde nie. Met begeertes rondom seks i.p.v. voortplanting sal die poort van die Paradys gesluit bly.

Let nou op na die woord ‘geboorte’ uit die Skrif.

Matt.19:28 En YAHUSHA sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die geboorte van bo wanneer die Seun van die mens op Sy lofwaardige troon gaan sit, ...

1 Pet.1:3 Geseënd is die SKEPPER en VADER van onse Meester YAHUSHA dié Gesalfde wat na SY grote barmhartigheid ons die geboorte van bo geskenk het tot ‘n lewendende hoop deur die opstanding van YAHUSHA dié Gesalfde uit die dode,

Soos ons lees en verstaan moet daar geboortes wees tot vermeerdering op aarde, maar die geboortes tot vermeerdering vir YAHUSHA lê in *Joh 17:9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort*. Dus is daar twee geboortes; Een vir die opdrag om te gaan en vermeerder op aarde en een wat VADER uitverkies het *Mal.2:15. HY skenk die wat HOM uit daardie verkies dè behaag as erfenis aan SY Seun YAHUSHA, {YAHUAH}*.

Kom ons kyk na ‘n ander betekenis. Die dag toe die Boervolk ander gode begin aanhang; Die dag toe hulle besluit dat hulle “kerk” toe moet gaan; Die tydperk toe die een kerk bo die ander ‘n beter verwarde god deurgegee het; Die dag toe die Boerevolk sy knie gebuig het tydens die ultimatum van die Engelsman; Die wat hulle aan predikers gestel het, dat die Geloofte wel in kerke gelees sal word indien hulle verskoning vra omdat hulle die Zulu’s verbrysel het; Die wat nie die kerk se toestemming gehad het om te kon trek nie.

Bo het ek verskeie redes deur gegee, maar tog lê die antwoord in die oorspronklike Hebreeuse Skrifte. Die vertalers het dit nie reg vertaal nie en dekades het die leser homself gedistansieer en homself daarin aangekla.

Lees gerus saam met my vers 4 uit Open.14: *Dit is hulle wat hulself met "vroue"* Om vroue daar in te skryf is verkeerd, want die Strong's no: G1135 = gunē in wel "vrou" maar oorspronklik staan daar 'gunaikon' "gynaikOn" of 'gunaikwn' wat beteken dat die man soos 'n vrou is of geassosieer word as 'n vroulike man "Moffie". Hulle gebruik ook G1096 wat beteken om iets ander te wees m.a.w. in die plek van 'n vrou of 'n man.

Lees gerus die vers oor nl.:

Dit is hulle wat hulself met manne besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein (geen homoseksueel);Eers daar gelaat.

In 1 Pet.1:3 staan: *Geseënd is die SKEPPER en VADER van onse Meester YAHUSHA dié Gesalfde wat na SY grote barmhartigheid ons die geboorte van bo geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van YAHUSHA dié Gesalfde uit die dode,* (Let mooi op: Geseënd is 'VADER' wat SY barmhartigheid ons die "geboorte van bo" {as nuwelinge} geskenk het; nie die Seun nie, maar 'VADER').

Ek sluit met 'n kort gelykenis:

Daar is 'n GROOT VADER(OUPA)en HY het 'n Seun(ons Vader, "YAHUAH") YAHUSHA ons Vader het uitverkore seuns. VADER (OUPA) besit 'n 'plaas' (Paradys) en alles wat daarop en daarin is. "OUPA" het alles wat HY besit op die plaas aan SY Seun YAHUSHA toevertrou. VADER se Seun is werksaam op die plaas (Paradys) met Sy seuns (uitverkore). Elke dag voordat dié seuns gaan werk gaan hulle eerste na "OUPA" om HOM te groet en dié seën by "OUPA" te vra vir die dag. Met ontvangs en toelating by "OUPA" om te gaan werke op die familie 'plaas' begin hulle dag saam met hul Vader YAHUAH / YAHUSHA. Dus groet hulle eers OUPA, wandel en werk vir die familie op die plaas saam met YAHUAH hulle "Vader".

Ope. 22:1-5 En hy het my getoon 'n suiwer rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van ~~God~~ VADER en van die Lam (YAHUHA). :2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. :3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van ~~God~~ VADER en van die Lam (YAHUAH) sal daarin wees, en Sy diensknegte sal Hom dien. :4 En hulle sal Sy aangesig sien, en Sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. :5 En nag sal daar nie wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat die ~~Here God~~ VADER hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.

Bedink dit